

Gr 11 PAT

Hier is die onderwerpe waaruit jy kan kies om jou PAT taak te doen. Kies jou onderwerp en doen die volgende vrae solank op 'n bladsy/op jou rekenaar en bring inligting op USB flash saam skool toe. Ons sal dit tik/orlaai sodra julle weer terug is by skool. Ek stuur 'n voorbeeld saam, waarvan af jy solank kan werk.

Nadat jy jou onderwerp gekies het, kan jy die volgende solank doen.

1. Skryf jou inleiding
2. Doen jou taakbeskrywing onder die 4 punte, ek het 1 en 3 reeds gedoen, pas dit aan by jou onderwerp.
3. Doen jou Fokusvraag
4. Dan onder Bespreking en Analise is daar 4 hoofopskrifte, plaas jou tien vrae waarmee jy jou fokusvraag mee wil beantwoord onder die 4 hoofopskrifte.
5. As jy toegang tot die internet het, soek solank inligting vir jou tien vrae.

Die onderwerp ONDERWERP – VRYWILLIGERSGELEENTHEDE

'Meestal beteken dit om as vrywilliger te dien, dat jy sy aan sy met ander werk. Dit verbind jou aan ander mense omdat julle na 'n gemeenskaplike doelwit streef. As jy as vrywilliger dien, maak jy verbintnisse. Jy is aan die gemeenskap verbind. Jy is aan die probleem, sowel as die oplossing, verbind. Jy is verbind aan 'n proses – 'n proses waaraan jy glo. Deur jou optrede en betrokkenheid bevoordeel jy ander sowel as jouself.'¹

'Vrywilligerswerk bied noodsaaklike hulp aan mense in nood, verdienstelike sake en die gemeenskap, maar die voordele kan selfs groter vir jou, die vrywilliger, wees. Deur vrywillig te dien en ander te help, kan stres verminder word, depressie bekamp word, jy verstandelik gestimuleer word en dit verskaf doelgerigtheid.'²

Jou skool wil graag leerlinge blootstel aan geleenthede om by vrywilligersprogramme betrokke te raak. Jy het die opdrag gekry om moontlike probleme wat deur 'n/enkele vrywilligersprogram(-me) opgelos kan word, na te vors.

Voorbeelde van vrywilligersprogramme sluit in:

- Rampverligting (bv. Dokters sonder Grense ('Doctors without Borders'), Gift of the Givers)
- Laekostebehuisingsprojekte (bv. Habitats for Humanity)
- Dierewelsyn (bv. DBV, CARE, SANCCOB)
- Voorkoming van malaria en ander oordraagbare siektes (bv. Global Volunteers)
- Die reg op sig (bv. World Vision)
- Watersuiwering (bv. Water Collective)
- Dakloosheid (bv. U-Turn, Better SA, Kids Haven)
- Die bevordering van algemene geletterdheid (bv. help2read)
- Vrouebemagtiging (bv. GVI, Volunteering Journeys, GoEco)
- Werk met kinders met gestremdhede (bv. Khaya Volunteer Projects, you2africa, Nazareth House)
- Hulp aan senior burgers (bv. Chabad House)
- Voedingskemas, bv. sopkombuis, toebroodjies, ens. (bv. Via Volunteers, Feed SA)

¹ <https://lotsahelpinghands.com/blog/volunteer-means/>

² <https://www.helpguide.org/articles/healthy-living/volunteering-and-its-surprising-benefits.htm>